Tema: Leef jy soos iemand wat deur God uitgekies is?

Lofsang met die oog op die erediens
Sb 14 - 1: 1,3
Lied 514: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 135 - 1: 1,11
Votum
Seën
Lofsang Ps 110 - 3: 1,2,3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eksodus 20
Sing Sb 15 - 8: 1,2 (Mel van Sb 15 - 7)
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 22: 1 – 14
Teksverse: 11 - 14.
Sing Sb 18 - 1: 2,4
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Sing Sb 18 - 3: 7,8,9 (Mel Ps 149 se eerste mel)
Liefdegawes
Gebed;
Sing Sb 18 - 7: 1,3,10 en 12
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Verlede Sondagoggend het ds Pieter vir ons die leer van die uitverkiesing baie mooi uiteengesit uit Efesiers 1. Onthou julle nog? Dat God ons reeds voor die grondlegging van die wêreld uitverkies het om sy kinders te wees! Dat God ons "in Christus" uitverkies het deurdat Christus vir ons die genade van God bewerk het. Ds Pieter het die klem geplaas op drie "geestelike seëninge" wat die Heilige Gees in en deur die uitverkiesing aan ons gee.

Vanoggend vra ons die vraag en hierdie vraag is die tema van die preek: **Leef jy soos iemand wat uitverkore is?** Reageer jy as God jou deur sy Woord roep en leef jy die nuwe lewe wat jy ontvang het?

Geliefdes, dit is baie belangrik dat ons hierdie vraag vra want daar is baie mense wat die leer van die uitverkiesing misbruik of verkeerd verstaan. Mense verstaan die uitverkiesing so asof dit beteken dat ek as gelowiges nou niks meer hoef te doen as om my op my uitverkiesing te beroep nie! Ek is mos uitverkies en nou is my saak reg, ek hoef niks meer te doen nie! Inteendeel – argumenteer hulle - ons het mos verlede Sondag gehoor dat die Heilige Gees die seel en waarborg is dat ek die ewige lewe sal bereik! So wat ek doen kan nou geen verskil meer maak nie! **Daar is van ander kerke die beskuldiging dat die leer van die uitverkiesing gereformeerde lidmate lui en onverskillig maak – dat hulle die genade van God so misbruik!**

Br en sr, dit is inderdaad waar! Die koning in ons gelykenis vind 'n man op die bruilofsfees wat nie die regte bruilofsklere aan het nie! Hy wil kom deel aan die genietinge van die fees sonder om die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan, na te kom! En dan word hy uitgegooi! Want sê ons Here Jesus: baie word geroep maar min is uitverkies!

Kom ons kyk wat dit beteken!
Hierdie gelykenis vorm deel van Jesus se laaste gesprekke met die Joodse kerklike leiers: die Skrifgeleerdes en die Fariseërs! In hierdie gesprekke het Jesus dit al hoe meer duidelik gemaak dat as die Jode nie na die roepstem van God luister en Jesus as die Verlosser aanvaar nie, dan sal God hulle uitsluit uit sy koninkryk!

Christus het gekom om mense tot geloof te roep deur die verkondiging van sy evangelie van genade! Brs en srs, alhoewel die uitverkiesing die grond of oorsprong van ons geloof is, **begin ons praktiese geloofslewe** nie by die uitverkiesing nie! Dit begin by God wat ons tot geloof roep deur sy Woord. Jy hoor die Woord van God en jy luister daarna!

So werk God reg van die begin af! Wanneer Adam en Eva in sonde val, dan roep God hulle terug waar hulle gaan wegkruip! God roep die sondige wêreld deur Noag tot bekering maar hulle luister nie en die sondvloed oorweldig hulle! God roep Abraham tot geloof en Abraham volg die Here! God roep Israel in Egipte tot geloof in Hom en lei hulle uit! Dwarsdeur die Ou Testament is die God wat profete stuur wat sy Woord verkondig en mense tot geloof roep!

In die teks word God geteken as die Koning wat mense nooi vir die bruiloffees van sy seun. Dit is duidelik dat die Jesus as die Koning se seun voorgestel word en die bruilof is die koninkryk van God! **Dit gaan hier om God wat mense tot geloof roep deur die verkondiging van die Woord! En hierdie Woord is Christus**! Hy is die Verlosser en mense kom in die koninkryk van God deur geloof in Christus as hulle verlosser!

Maar dan is daar mense wat nie luister na die uitnodiging nie! In daardie tyd is mense twee keer na 'n troue genooi! Die eerste keer was die formele uitnodiging en die tweede keer is hulle laat weet dat alles gereed is en dat hulle maar kan kom! **Maar die "genooides" – duidelik hier verwysend na Israel deur hulle geestelike leiers – neem nie die uitnodiging aan nie**! Vers 5 verwys na mense wat bloot onverskillig was en te besig was met die dinge van die lewe en daarom nie op die uitnodiging reageer nie! Vers 6 verwys na mense wat aggressief die uitnodiging afwys deur die boodskappers dood te maak en dan stuur die koning soldate om hulle te straf. Hierdie vers verwys sekerlik na die dood van Jesus en die straf van Israel later deur die verwoesting van Jerusalem.

Punt is: die genooides wil nie kom nie! Hulle reageer nie op die Woord van God nie! En dan stuur die koning sy werkers uit om nou sommer enige mens op straat te nooi**! Hierdie vers verwys sekerlik na die feit dat die Woord van God verder as die volk Israel sou gaan, na alle volke tale en nasies! En mense reageer positief! Hulle neem die uitnodiging aan!** Vers 10 sê "slegtes en goeie"! Ons moet die verwysing na "goeie en slegtes" verstaan op dieselfde wyse as wat Jesus in Matteus 13: 47 en 48 praat van die koninkryk van God wat soos 'n visnet uitgegooi word en "allerhande soorte visse" inbring! Die Woord van die Here se genade is vir alle mense – ongeag wie hulle is en hoe hulle lewe! God roep alle mense tot geloof en om deel te wees van sy koninkryk!

Net so, brs en srs en liewe kinders, het God ons Vader vir my en julle geroep met sy Woord! Van kleintyd af het die Here ons deur sy Woord tot geloof geroep! Ons ouers het dit vir ons van kleins af geleer! Die Here het ons geroep deur elke versie wat pa of ma vir ons uit die Bybel gelees het. Deur elke huisgodsdiengeleentheid waar ons saam oor die Woord van die Here gepraat het! Deur elke persoonlike stiltetyd wat ek hou en die Here se Woord leer! Deur katkisasie, deur Bybelstudies, deur preke en oral waar ek die Woord hoor!

En wanneer ek tot die besef kom dat ek dit glo en dat ek reageer op die Woord van die Here en dat ek die Here dien en volg, dan besef ek eers: maar dit was en is alles God se genade dat ek deel van sy koninkryk kan wees! Ek kyk as't ware in geloofsreis terug op my pad en sien en verstaan **nou waar alles begin het: by die uitverkiesing**! Dat dit alles God se uitverkiesende genade was en is! Met groot vreugde en dankbaarheid besef ek dat ek deel ook deel aan die bruilofsfees – dat ek deel van God se koninkryk is! Dat dit ek is wat glo en dat ek nou deel aan die genade wat God in Christus vir my gee!

Geliefdes, verstaan julle wat God se uitnodiging, sy roepstem deur die Woord impliseer? Dit sluit ook menslike verantwoordelikheid in! Ek moet hoor en ek moet luister! Nooit in hierdie proses het God my uitgesluit en my soos 'n robot aan en af geskakel nie! Hy het my geroep, ek het gehoor, ek het geglo – maar daardie geloof berus op sy uitverkiesende genade! En so is daar ander wat ook die roepstem van God hoor, maar hulle **nie daaraan steur nie**! Hulle verwerp die roepstem van die Here en dan bring Hy dit weer aan ander!

Wat 'n wonderlike genade dat ek dan kan deel aan die bruilofsfees! Dat ek ook kon inkom en deel kan wees van die kerk en van die lewe in die koninkryk van God! En nou dra ek steeds 'n groot verantwoordelikheid! Ek moet leef soos 'n uitverkorene!

Wanneer die koning na die gaste kom kyk dan sien Hy iemand wat nie reg leef nie! Iemand wat nie leef soos 'n iemand wat deel is van die koninkryk van God nie. Ja, God en God alleen ken die harte van mense en Hy weet wanneer iemand nie leef volgens die verantwoordelikheid wat Hy aan ons gegee het nie!

Daar is iemand wat nie die regte trouklere aan het nie! Wat is hierdie regte trouklere? Dit is die **nuwe lewe wat Christus vir ons as uitverkorenes verwerf het!** Dit is om te leef volgens die Woord van God! Ons lees in Open 19:8 "God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek." Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges." Die dade wat ons doen omdat Christus ons gered het en my die Heilige Gees op 'n nuwe lewenspad gesit het! 'n Pad van geloof en toewyding aan God.

Br en sr en liewe kinders, wanneer God jou laat deel aan die bruilofsfees moet jy die regte klere dra! Dit is jou groot verantwoordelikheid! **Dit is waarom God aan jou die Heilige Gees gegee het, sodat jy dit kan doen! Jy kan en mag nie net die voorregte en die genietinge van verlossing in Christus wil geniet sonder om ook die verantwoordelikheid wat daardie verlossing vra, na te kom nie!**

As jou lewe nie toon dat jy 'n uitverkore is nie – dan kan 'n mens dit sien! 'n Mens kan dit uiterlik sien! Jesus roep ons tot bekering in Lukas 13: 1 – 5 en dan vertel Hy in vers 6 – 9 van 'n onvrugbare vyeboom wat in die tuin geplant was en wat

nooit vrugte gedra het nie! Die eienaar het opdrag gegee om die vyeboom water te gee en mooi te versorg maar as hy die volgende jaar nog nie vrugte dra nie, moet die tuinier hom uitkap! Jy kan nie aan die fees deelneem sonder die regte klere nie!

N**et so sê Jesus in Matteus 12: 33 dat 'n boom aan sy vrugte geken word!** Die gelykenis van die saaier maak dit ook duidelik! Die saad word oral gesaai maar uiteindelik is dit net 'n paar wat 'n oes lewer! Jy moet die regte feesklere dra!

In Efesiers 4 : 1 pleit Paulus by die lidmate: "Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. ". Jy moet die regte feesklere dra! Jy moet leef soos 'n uitverkorene! Vir die **lidmate van Fillipi sê Paulus**: "[27]Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees."

Daarom brs en srs en liewe kinders vra die Koning vanmore vir ons: Dra jy die regte trouklere? Leef jy soos 'n uitverkorene en neem jy die nuwe lewe in Christus ernstig op as jou verantwoordelikheid? Of is ek en jy maar net hier – baie tevrede dat ons deel van die kerk van die Here mag wees en dat daar nou geen verantwoordelikheid meer op my rus nie! Ek is mos uitverkies!

Nee, dra jou trouklere! In jou verhouding met God – Hom liefhet en dien
Verhouding met medemens – huwelik, kinders, ouers, kerk samelewing –
Ja, hoe ek in al hierdie dinge optree wys dat ek my trouklere aan het**! Dra jy joune?**

Wees versigtig! Ons kan mekaar nog flous en vir mekaar allerhande dinge wys en laat sien. Daar is mense wat leef asof hulle gelowiges is, wat sê dat hulle deel is van die bruilof maar dit nie is nie! Skynheiliges noem ons hulle! Dit lyk net of hulle bruilofsgaste is, maar is nie! **En God alleen weet dit, Hy sien in ons harte! Die ander gaste op die bruilof het niks agtergekom nie – net die Koning!** Hy weet en daarom sê Hy: Baie is geroep maar min is uitverkies! Daar is uiteindelik min wat die regte klere dra en op die laaste dag sal dit duidelik word wie hulle is!

Die dag as die Here Jesus terugkom dan sal Hy die skeiding maak tussen skape en bokke – tussen die wat die regte klere gedra het en die wat dit nie gedra het nie!
Dan sal daar kerkmense wees wat vir Jesus sê maar ons het saam met u geleef en Hy sal antwoord:" ek ken julle nie! Julle het nie die regte klere nie! Julle bly buite staan!

Brs en srs en liewe kinders: hoor julle wat die Here vanmore vir ons sê: Die uitverkiesing bring 'n geweldige verantwoordelikheid – 'n verantwoordelik wat ons kan dra omdat God ons met die Heilige Gees begenadig het – dit het ons verlede gehoor! Ek en jy moet leef soos iemand wat uitgekies is.

Amen